VOORWOORD

Oorvloed kuns, vermaak en feestelike geselligheid

Die 18de kunstefees op Oudtshoorn bied, soos altyd, 'n ongeëwenaarde oorvloed kuns, vermaak en feestelike geselligheid. Met die asemrowende Klein Karoo as skilderdoek en feeskoepel is daar vir ieder en elk soveel meer om van te kies. Wees gerus dat die feesbestuur en verskeie vennote saamgespan het om die fees bekostigbaar te hou. Lees veral meer oor die voortsetting van ons weekkaartjies na die Rivierbuurt – teen verlede jaar se pryse – en aanlyn oor ons nuwe pakkette vir studente.

Die Absa KKNK bly die land se vooraanstaande platform vir nuwe werk vir die verhoog in Afrikaans: teater wat 'n mens laat regop sit; teater wat die lagspiere kielie; teater wat ontroer; teater wat uitdaag. Diegene wat by verlede jaar se venue, *Iets Anders,* 'n tuiste gevind het, sal opmerk dat dié venue voorts as die *Baanbreek*-venue bekend staan. En 'n nuutjie in 2012 is ons *Deurbraak*-venue waar uitnemende jong, opkomende kunstenaars sal uitblink.

Die Absa KKNK bly óók die fees met die grootste en wydste klankbaan: of jy nou tussen die skares op die Huisgenoot Musiekplaas die fees wil afskop, by die Top 40-verhoog jou litte losmaak, of juwele uit 'n lys voortreflike musiekproduksies uitsoek, kan 'n diverse en geskakeerde musiekwêreld hier gehoor word. Die fees loop vanjaar weer, ná 'n aantal jare, tot 'n einde met 'n groot Kaktus op die Vlaktes-rockkonsert – dié keer wel op 'n vlakte buite die dorp.

Ons is trots om vanjaar as feeskunstenaars die wêreldbekroonde Handspring Puppet Co. op Oudtshoorn te verwelkom, wat saam met ons nuwe kurator, Sandra Hanekom, 'n onvergeetlike aanbieding saamstel wat brûe tussen die visuele en uitvoerende kunste bou.

As dit jou voorkeur is om die fees op voetsoolvlak te verken - in 'n Klein Karoo-middedorp wat agt dae lank sy gewone besigheid opskort om deur die feestelikheid oorrompel te word - moet jy 'n punt daarvan maak om ons mees uitgebreide program van straatkuns, -teater en -musiek tot nog toe mee te maak. En as jy verlede jaar se feesparade misgeloop het, wees vanjaar daar om deur 'n kleurvolle, bewegende feesmassa meegesleur te word. Ons *Fees van Geleenthede*, 'n uitgebreide reeks kunste-ontwikkelingsprojekte wat gratis aangebied word, bied boonop talle platforms vir jong mense en lede van ons tuisgemeenskappe om saam met feeskunstenaars en besoekers die magiese eienskappe van die kunste te deel.

Sien julle in Oudtshoorn – ons kan nie wag om julle te verwelkom nie.

BRETT PYPER, Uitvoerende Hoof

Kaartjieverkope

Kaartjieverkope open op 27 Januarie 2012. Kaartjies is beskikbaar by Computicket-takke, aanlyn by www.computicket.com, by Shoprite/Checkers of deur die Computicket *Call Centre* te skakel by 0861 915 8000 of 011 340 8000. Die Absa KKNK-kaartjieskantoor open op 30 Maart 2012.

Kontak ons:

Derde vloer, Seppie Greeff-gebou
Voortrekkerweg
Oudtshoorn
Wes-Kaap
Tel: 044 203 8600
Faks: 044 272 7773
E-pos: info@kknk.co.za
www.absakknk.co.za
Volg ons op
Facebook: www.facebook.com/AbsaKKNK
en ***Twitter:*** www.twitter.com/AbsaKKNK

If I don't understand Afrikaans

(or just a little), what does the Festival offer me? Though the Absa KKNK remains the première South African festival for theatre and music in Afrikaans, our programme offers much theatre, music, dance and visual arts that are accessible to a wider audience. Please visit our website at www.absakknk.co.za and click on English for more information.

Dag- en Weekkaartjie na die Rivierbuurt

Dagkaartjies vir toegang tot die Rivierbuurt kos R40 per dag. 'n Weekkaartjie kan gekoop word teen R100, wat toegang vir die hele fees bied. Dagkaartjies kan ook opgradeer word om die Huisgenoot Musiekplaas se Aandvertonings by te woon. Kaartjies na die Huisgenoot Musiekplaas se Aandvertonings gee outomaties toegang tot die Rivierbuurt vir die dag van die vertoning. Toegang tot die Rivierbuurt vir kinders o/15 met volwasse begeleiding is gratis.

Klassifikasie

T – Taal / Language G – Geweld / Violence
S – Seks / Sex N – Naaktheid / Nudity
V – Vooroordeel / Prejudice
D – Diviniteit / Divinity
OB – Ouerbegeleiding / Parental Guidance

Hierdie program is onderhewig aan veranderings. Hou die webblad van die Absa KKNK dop vir enige veranderings.

TONEEL

… Af

DEBUUT
DRAMA
Afr. en Eng. Geen o/16
Vervaardiger: *Marlo Minnaar*
Teks: *Juanita-Juliet van Wyk*
Regie: *Abduragmaan Adams*
Met *Marlo Minnaar*

Joshua Vogua, 'n universiteit-gegradueerde, grootgeword op die Kaapse Vlakte, ly aan skisofrenie. Soos baie ander met sy toestand word hy deur die samelewing verwerp, maar dit spoor Joshua nog meer aan om "normaal" te wees. Met 'n baie goeie vriend en sy ma aan sy sy maak ons die reis mee deur hierdie ongewone en soms gewelddadige proses.

75 min. R75 Jack Hindon-lokaal
2 - 6 April 10:00

Babbel

DEBUUT
OMGEWINGSPESIFIEKE DRAMA
Ondersteun deur Arts & Culture Trust en in vennootskap met KunsteKaap en die Staatsteater

ATKV-woordveertjie, beste dramateks
Afr. Geen o/14 (T) (G)
Vervaardigers: *Nicola Hanekom en Jaco Notnagel*
Teks en regie: *Nicola Hanekom*
Musiek: *Braam du Toit*
Choreografie: *Fiona du Plooy*
Met *Tinarie van Wyk Loots, Brendon Daniels, Stian Bam, Bronwyn van Graan, Jacques Theron, Neels van Jaarsveld, Carishma Baday en Lerato Motshwarakgole*

Tydens die nadraai van 'n revolusie verval taal en kruip die chaos van die oorlog tot in die harte van mense. Hoe harder die sein gestuur word, hoe meer weergalm die stilte.

Die koste van vryheid is hoog. *Babbel* volg op *Betésda* en *Lot* wat gesamentlik ses Kannatoekennings en twee Fiësta-toekennings gewen het.

70 min. R95 Badkop
1 - 7 April 18:30

Bos

DEBUUT
DRAMA
Ondersteun deur Outdoor Escape (Stellenbosch)
Afr. o/14 OB (T) (G)
Vervaardiger: *Hugo Theart / TEATERteater*
Teks: *Malan Steyn*
Regie: *Marthinus Basson*
Met *Stian Bam, Craig Adriaanse, Du Toit Albertze, Arno Daiber, Annake Horn, Gavin Kruger, Thando Wambi, Duard Robbertse, Tamara Philisiwe Skiti, Wynand Victor en Jacques Crafford*

Tien tieners. In 'n bos. By 'n oorlewingskamp. Onder toesig van 'n paramilitêre instrukteur. Spoke, hormone, groepsdruk en goggas. Hoe en waarmee oorleef mens dit? En hoe hou jy koers as jy nie weet waarheen jy wil gaan nie?

90 min. R85 Johnny Bischoff-saal
31 Maart 20:30 1 April - 3 April 10:00

Body Language

COMEDY
Eng. No u/16
With *Gaëtan Schmid*

The secret language of the human body. "Your body talks and talks and talks and it doesn't shut up! Ever. Unless you're dead." Hilarious and informative, Gaëtan Schmid (*Rumpsteak*) will fascinate you with the hidden meanings behind your everyday gestures. Open yours eyes … and see.

55 min. R85 (adults) R40 (children)
Suid-Kaap Kollegesaal
1 April 12:00 1 April 20:00 2 April 10:00
5 April 12:00 6 April 10:00 6 April 20:00

Buitepos

Ko-produksie met US Woordfees

DRAMA
Afr.
Teks: *Rachelle Greeff*
Regie: *Fred Abrahamse*

Na die sukses van *Die Naaimasjien* volg Rachelle Greeff se tweede toneelstuk. Dié keer oor 'n man wat elke laatmiddag in die droë rivierloop buite die Karoodorp Buitepos alleen met sy klippe en sy gedagtes is. En toe laat weet die poskantoor daar wag 'n geregistreerde brief. *Buitepos* trek 'n vinger oor die snykant van stilswye. Dis ook 'n sanksie vir die vergifnis – en die plesier – van die liefde.

80 min. R90 Griesselsaal
31 Maart 12:00 1 April 19:00 2 April 10:00
3 April 14:00

Buurtwag

KOMEDIE
Afr. Geen o/12 (T)
Vervaardiger: *GZ Productions*
Teks en regie: *Chris Vorster*
Met *Hannes Müller, Karen Wessels, Jody Abrahams, Hannes Brümmer en Christel van den Bergh*

Hierdie *Buurtwag* spog met die snaaksste, malste en vreemdste lede denkbaar, amper onwettig en beslis nie polities korrek nie. Met Hannes 'Grotman' Muller, Karen 'Grotvrou' Wessels, Jody 'Kat And The Kings' Abrahams, Hannes 'Zef Sketse' Brümmer en Christel 'Bakgat' van den Bergh. 'n Skop, skiet en boomklim aksie avontuur met Willie 'Skouspel' Venter se choreografie en regte egte ontploffings met goeters wat flits en 'n lapa op wiele... fantastiese waarde vir geld. Beslis nie *hoooëgere* kuns nie... so u sal dit verseker geniet! Regtig... selfs Paul 'Ernstige Resensent' Boekkooi het twee keer geglimlag. Sluit aan by ons *Buurtwag*, dis die regte ding om te doen!

80 min. R95 kykNET Hoërskoolsaal
31 Maart 14:00 1 April 17:00 2 April 17:00
3 April 10:00

Die Francois Toerien Show 8 – soos gesien op TV!

SKETSKOMEDIE
Afr. Geen o/14 (T)
Teks: *Francois Toerien*
Regisseur: *Juanita Swanepoel*
Met *Francois Toerien, Martelize Kolver, Brendon Daniels, Esther von Waltsleben en Altan Ungerer*

Bertha Greeff lees "Die nuus om 7" presies halfagt. Die fopdosserpaartjie, Anita en Susan, gee 'n predikantsvrou 'n "trashy glam makeover". Punjaab, die Boeddhistiese masseur, verinneweer sy klant. Ons ligte Afrikaanse sangeres, Joleen, gaan Afri-(Chi)nees. Dit is net 'n voorsmakie van dié sketskomedie.

70 min. R95 kykNET Hoërskoolsaal
4 April 14:00 5 April 13:30 6 April 13:30
7 April 10:00

Die soet trane van Petrus Pansegrouw

DEBUUT
KOMEDIE
Afr. Geen o/16 (S) (N) OB
Vervaardiger: *Kaapse Teater Ensemble*
Teks, regie en ontwerpe: *Charles J. Fourie. Losweg gegrond op Rainer Werner Fassbinder se Die Bitteren Tränen der Petra von Kant*
Met *Hilda Cronje, Cintaine Schutte, Nieke Lombard en Carin Bester*

'n Splinternuwe tong-in-die-kies-komedie geskryf deur die veelsydige en bekroonde dramaturg Charles J. Fourie. Die hoofkarakter, Petrus Pansegrouw, kruip nader aan sy middeljare en staan verdwaas voor die weë van die liefde en verhoudings. Wanneer 'n jong, aanvallige aktrise sy lewe betree, ervaar hy egter weer hoop …

80 min. R100
Oudtshoorn Courant Van Reedesaal
4 April 10:00 5 April 14:30 6 April 10:00
7 April 14:30

Die vrou vantevore

DEBUUT
DRAMA
Ondersteun deur Protea Hotel Stellenbosch
Afr. o/14 OB (N)
Vervaardiger: *Hugo Theart / TEATERteater*
Teks: *Roland Schimmelpfennig*
Vertaling en regie: *Marthinus Basson*
Met *Brümilda van Rensburg, Stian Bam, Erica Wessels, Wilhelm van der Walt en Greta Pietersen*

'n Klop. Die deur word oopgemaak. Daar is 'n vrou by die deur. Die man herken haar nie. Sy het gekom om hom te herinner aan 'n belofte wat hy 24 jaar vantevore gemaak het om haar ewig lief te hê. Wat volg, is 'n vurige verhaal vol humor en kinkels wat mettertyd uitkring tot 'n volbloed tragedie.

75 min. R95 SANW-ouditorium
31 Maart 14:30 1 April 14:30 2 April 14:30
3 April 13:00

Dit voel leeg as die hart vol is (maar nou's dit allright)

Teks: *Lucy Kirkwood*

Vertaling: *Hugo Taljaard*
Regie: *Henry Mylne*
Beligtingsontwerp: *Izak Fürstenberg*
Met *Hildegard Whites en Chanelle Davids*

Sy weet hoeveel haar lewe werd is: twee en ’n halwe i-pods! In Kaapstad word sy een van 27 miljoen slawe wêreldwyd, een van 800 000 mense wat jaarliks oor landsgrense gesmokkel word. Volgens navorsing genereer hierdie tweede grootste kriminele bedryf naas dwelmhandel jaarliks 7 tot 10 biljoen VSA-dollar. Slawerny het ’n ander naam gekry: menseroof. Alhoewel dit die storie is van groteske onmenslikheid, is dit ook een van hoop en oorlewing.

90 min. R95
Oudtshoorn Courant Van Reedesaal
4 April 14:30 5 April 19:00 6 April 19:00
7 April 10:00

Doodsnikke

DEBUUT
DRAMA
Afr. Geen o/14
Vervaardigers: *Baxter Teatersentrum in samewerking met die Absa KKNK*
Teks: *’n Vertaling van Buried Child deur Sam Shepard*
Vertaling: *Saartjie Botha*
Regie: *Janice Honeyman*
Stelontwerp: *Patrick Curtis*
Beligtingsontwerp: *Mannie Manim*
Met *Gys de Villiers, Anna-Mart van der Merwe, Oscar Petersen, Travis Snyders, Thenjiwe Stemela en Ivan Abrahams*

Vir *Doodsnikke* bring Janice Honeyman ’n formidabele span bloubloed-akteurs byeen om lewe te blaas in Sam Shepard se boeiende Pulitzer-bekroonde familiedrama wat op ’n mespunt tussen humor en afgryse dartel. Hierdie drama, wat vir die eerste keer in Afrikaans te sien is, klink gevaarlik bekend - ’n desperate familie met versteurde verhoudings probeer alles in hul vermoë om ’n ondenkbare geheim te verberg.

90 min. R95 Johnny Bischoff-saal
4 April 20:00 5 April 10:00 5 April 20:00
6 April 10:00 6 April 20:00 7 April 10:00

FunnyKaap

KOMEDIE EN MUSIEK
Afr. en Eng. Gesin
Vervaardiger: *PM Produksies*
Teks: *Kunstenaars en nuutgeskrewe sketse deur Hennie van Greunen*
Regie: *Pedro Kruger en Margit Meyer-Rödenbeck*
Musiek: *Pedro Kruger*
Met *Emo Adams en Take Note, Dowwe Dolla, Pedro Kruger, Sarah Theron en Wayne Mckay*

Verwag ’n mallemeule van komedie, skerpskets, tragi-komedie en musiek wat gehore laat skaterlag. Gooi die veelsydige Emo Adams, pittige Dowwe Dolla, sjarmante Pedro Kruger, vreksnaakse Wayne Mckay, vokaal rondborstige Sarah Theron en die onstuitbare Take Note-orkes op een verhoog en dis ’n wenresep.

90 min. R130 Absa Burgersentrum
5 April 09:00 6 April 14:00 6 April 20:00
7 April 09:00

Grieta kry geleerdheid

DEBUUT
DRAMA
Afr. Gesin
Vervaardiger: *Wordsmith’s Theatre Factory*
Teks: *Willy Russell*
Vertaling en regie: *Hennie van Greunen*
Met *Chris van Niekerk en Lulu Botha*

Willy Russel se *Educating Rita* vind ’n tuiste in Afrikaans! Grieta wou haar lewe lank gaan studeer, maar nou is sy 29, getroud en ’n haarkapper. Sy land by Frans wat verlief is op woorde, wêreldromans en whisky. Met humor en patos volg ons Grieta se reis, wat soos Shirley s’n, eiesoortig, skreeusnaaks en inspirerend is.

120 min. R100
Oudtshoorn Courant Van Reedesaal
31 Maart 10:00 1 April 13:00 1 April 20:00
2 April 10:00 3 April 10:00

Holmakiesie

DEBUUT
KOMIESE STORIEVERTEL
Moontlik gemaak deur MIGLIO
Afr. Gesin
Vervaardiger: *Handyminds*
Teks: *Chris Vorster en Marion Holm*
Regie: *Chris Vorster*
Met *Marion Holm*

Almal weet van bollemakiesie slaan, maar wat sou ’n holmakiesie wees? Dóén ’n mens dit of kýk ’n mens dit of éét ’n mens dit? ’n Teks wat oud en jonk sal laat giggel, goed voel en laat dink.

75 min. R100 kykNET Hoërskoolsaal
31 Maart 17:00 1 April 14:00 2 April 10:00
3 April 17:00

Journeys van die hart

DRAMA
Afr. Gesin
Aangebied deur: Karos & Kambro
Teks en regie: *Elton Landrew*
Lirieke: *Frans Lucas*
Met *Chantell Phillipus, Ryan Hendricks, Frans Lucas, William Phillipus, Christopher Fouche, Enge Williams, Andy Fortuin en Mirinda Ntantiso*

Die Kambro Diggers het bekendheid verwerf vir hul energieke en genotvolle kabarette. Op versoek van feesgangers word *Journeys van die hart* weer aangebied. Dié aangrypende stuk handel oor die verhouding tussen mense, met jouself, mens en God – met ’n onverwagse en aangrypende waarheid wat selfs geharde mans laat huil. Dit is egter nie swaarmoedig nie - daarvoor sorg Koos Trane en die twee dominees…
55 min. R60
1 April 15:00 2 April 11:00
Helende Woord Gemeente
1 April 19:00 5 April 19:00
VGK Bridgton
4 April 11:00 5 April 15:00
NG Kerk Welgeluk

Kopstukke

DONKER KOMEDIE
Afr. Geen o/16 (V) (T)
Vervaardiger: *Kosie Smit*
Teks: *Jeanne Goosen*
Regie: *Sandra Prinsloo*
Musiek: *Dawid Boverhoff*
Met *Lizz Meiring en André Stoltz*

Dié swart komedie het reeds bykans klassieke en kultusstatus bereik. Reeds met die eerste produksie was dit ’n wegholsukses. Nou, 20 jaar later, word dit aangebied met die seënwense van die dramaturg en die oorspronklike spelers. André Stolz en Lizz Meiring sal weer verskyn as die professor en sy middelklas vrou wat weens ’n motorongeluk vasgekluister is in hulle bed.

60 min. R100
Oudtshoorn Courant Van Reedesaal
31 Maart 20:00 1 April 10:00 2 April 14:30
3 April 20:00

Lagnes

KOMEDIE
In samewerking met die ATKV
Afr. Gesin
Vervaardigers en regie: *Tim Theron, Francois Esterhuizen, Corneels Schabort*
Met *Francois Esterhuizen, Corneels Schabort, Tim Theron, Bordeaux Potgieter, Bernard Maritz, Bennie Fourie,*

Francois van Blerk, Renier Esterhuizen, Dian Wessels, Nantes Kirsten en Burgert Kirsten

Met geen vooraf uitgewerkte teks nie is die gehoor heeltemal in beheer van gebeure in *Lagnes*. Die gehoor word pens en pootjies ingetrek by die lag, malligheid en chaos.

60 min. R40 Jack Hindon-lokaal
2 - 6 April 15:00

Lament in G

DRAMA
Afr. en Eng. Geen o/12 (N) (T)
Vervaardiger: *dubbelpunt [:] produksies*
Teks: *Marí Borstlap en Wilken Calitz*
Regie: *Marí Borstlap*
Musiek: *Wilken Calitz*
Choreografie: *Deon Lourens*
Met *Inge Beckmann, Carel Nel, Katja Hopkins, Armand Aucamp, Wessel Pretorius, Cintaine Schutte, Michelle Nothnagel, Pierre Nelson, Deon Lourens, Marí Borstlap, Wilken Calitz en Theresa Burger*

'n Opwindende nuwe teaterproduksie wat die intriges van die huwelik tussen Samuel, 'n politieke joernalis, en Beth, 'n Joodse kunstenaar, ondersoek. Die onvermydelike aspek van gee en neem in verhoudings is die hooftema. 'n Lewendige musiekensemble dien as klankbaan vir 'n unieke teaterervaring.

90 min. R100 Griesselsaal
31 Maart 17:00 1 April 14:00 2 April 20:00
3 April 20:00

Loslippig

KOMEDIE
Vervaardiger en teks: *Ian Wessels*
Regie: *Margit Meyer-Rödenbeck*
Met *Ian Wessels*

'n Humoristiese loslip-kykie in die spieël van menswees. Ian skerpskerts aan die hand van *pick-up lines*, wynproe, die Afrikaans wat ons praat en die musiek waarna ons luister oor hoe verskillende mense van die bodorp en die onderdorp die lewe benader. Hoewel "tipiese luisteraars" wel ter sprake kom, sal *Loslippig* die lagspiere van nie-luisteraars net so onbehoorlik prikkel!

60 min. R80 ATKV Neelsie Teater
4 April 12:30 5 April 12:30 6 April 10:00
7 April 15:00

Mafeking Road

PHYSICAL THEATRE / COMEDY
Eng.
Producer: *The Pink Couch*
Director: *Tara Louise Notcutt*
From *short stories by Herman Charles Bosman*
With *Andrew Laubscher and Matthew Lewis*

Bosman for the next generation! Standard Bank Silver Ovation Award Winner for Physical Theatre, *Mafeking Road*, is Bosman as never seen before! Take a wild ride through the Groot Marico, where Oom Schalk Lourens will show you a world of love potions, leopards and a pretty young girl fresh from finishing school.

60 min. R85 (adults) R40 (children)
Suid-Kaap Kollegesaal
31 March 20:00 1 April 14:00 3 April 20:00
6 April 12:00 7 April 10:00

Mooi Maria

DRAMA
Afr.
Vervaardiger: Albert Maritz en Clover Aardklop
Teks: *Pieter Fourie*
Regie: *Albert Maritz*
Met *Anthea Thompson, Isadora Verwey, Neels van Jaarsveld, Waldemar Schultz, Roelien Daneel, Andrè Roothman, Theresa Sedras, Lille Goosen en Alma Rossouw*

Die verhaal van 'n meisie wat eens mooi was – totdat die noodlot toeslaan. Dit is rou teater uit die vesels van 'n Afrikanergesin in die jare twintig van die vorige eeu. In Ma Let se woorde: "Haat het my sterk gemaak. Ek laat liefde nie my hart soos onkruid toerank nie. Liefde moet sy perke ken!"

100 min. R110 SANW-ouditorium
4 April 12:00 5 April 15:00 6 April 15:00
7 April 09:00

My vrou se man se vrou

DEBUUT
KLUG
Afr. Geen o/13 (T)
Vervaardiger en Regie: *Frans Swart*
Teks: *Ray Cooney*
Vertaling*: Peet van Rensburg*
Met *onder andere Hannes Müller en Tobie Cronjé*

John Smith, 'n Londense taxibestuurder, woon saam met sy vrou Mary in Highgate ... en ook met sy vrou Barbara in Finchley, net vier minute uitmekaar. Die twee mevroue Smith is salig onbewus van mekaar, aangesien John sy ongereelde werksure gebruik as 'n verskoning om sy dubbele lewe weg te steek. Maar 'n ongeluk en 'n verkeerde adres veroorsaak 'n kettingreaksie!

90 min. R120, R100 SANW-ouditorium
31 Maart 20:00 1 April 10:00 1 April 20:00
2 April 10:00

My naam / name is Ellen Pakkies

DRAMA
Afr. en Eng. Geen o/16 (T)
Vervaardiger: *The Sixth Sense*
Teks en regie: *Lizz Meiring*
Musiek: *Coenie de Villilers*
Met *Vinette Ebrahim en Christo Davids*

Ná die groot sukses van dié aangrypende drama is *My naam / name is Ellen Pakkies* terug op aanvraag. Ellen Pakkies was een van die miljoene onsigbare mense. Tot een oggend. Skielik was haar naam op almal se lippe en word hierdie stil, ordentlike vrou se lewe en moorddaad 'n hofsaak wat die hele wêreld ruk.

60 min. R120
Oudtshoorn Courant Van Reedesaal
4 April 19:00 5 April 10:00 6 April 14:30
7 April 19:00

My pa dink hy's Elvis

KOMEDIE
Afr.
Vervaardiger: *Genugtig! produksies*
Teks: *Reinet en Jan-Jan Nagtegaal*
Regie: *Albert Maritz*
Met *Ben Kruger en Viljé Maritz*

Hennie reis saam met sy pa, 'n Elvis-nabootser, deur die Karoo. Hy is sy pa se "roady". Terwyl die gehoor lekkerkry met Ben Kruger se vertolking van Elvis se grootste treffers, woed pa en seun hul pyn en aggressie uit oor 'n groot gedeelde hartseer.

75 min. R95
kykNET Hoërskoolsaal
31 Maart 20:00 1 April 10:00 2 April 20:00
3 April 20:00

Ou blare

KOMEDIE
Mediavennoot: SARIE
Afr. Gesin
Vervaardiger: *Elsabé Daneel Produksies BK*
Teks en regie: *Leon Kruger*
Musiek: *Frieda van den Heever*
Choreografie: *Gabriella Bishop*
Verhoogbestuur: *Gaerin Hauptfleisch*

Met *Elsabé Daneel, Susanne Beyers en Joanie Combrink*

Drie jarelange vriendinne kom bymekaar om te herlaai. Hulle is dapper, eksentriek en boonop vies. In dié gesinskomedie gaan die maskers waai en word 'n fakkel gedra vir vroue van 'n sekere ouderdom.

70 min. R100 kykNET Hoërskoolsaal
31 Maart 10:00 1 April 20:00 2 April 14:00
3 April 14:00

Op-en-Top

PHYSICAL THEATRE
Eng.
Director: *Andrew Buckland*
Created and performed by
Richard Antrobus and Tristan Jacobs

Through testing the physical limits of suspension and gravity, and explo-ring restrictions of body, language and expression, Op-en-Top takes a fun glimpse into the exposed performer-self caught in an imposed world, society, body, theatrically.

55 min. R85 (adults) R40 (children)
Suid-Kaap Kollegesaal
1 April 10:00 2 April 12:00 2 April 20:00
4 April 12:00 5 April 10:00 5 April 20:00

Ouma

DRAMA
Afr. Geen o/16 (V) (T)
Vervaardiger: *Stefan Blank*
Teks: *Jan Afghanistan*
Met *Sjaka S. Septembir*

Wanneer sy ouma sterf, word 'n Afrikanerman in sy dertigs gekonfronteer met sy verlede. Afrikanerwees van toeka tot nou word besoek en gevier, maar 'n knaende kriewelrigheid dat alles nie pluis is nie, is alomteenwoordig. *Ouma* is 'n reis, soms skreeusnaaks en vol heimwee, wat lei na 'n onherroeplike, hartverskeurende einde.

60 min. R85 (volwassenes) R40 (kinders)
Suid-Kaap Kollegesaal
31 Maart 16:00 2 April 14:00 4 April 10:00
4 April 20:00 7 April 12:00

Pa … vir Dummies

KOMEDIE
Moontlik gemaak deur Rapport
Afr. Geen o/12 OB (T)
Vervaardiger: *GZ Productions*
Teks: *Kabous Verwoed, Jackie Hancke en Schalk Schoombie*
Regie: *Tobie Cronjé*
Met *Neels van Jaarsveld*

Neels van Jaarsveld is Dries Klopper (28), 'n doodgewone slotmaker wie se doodgewone, lekker lewe ontwrig word deur die oorweldigende uitdagings van vaderskap. Dis 'n helse skok vir sy sisteem en soos soveel jong pa's voor hom kon hy nooit die aardskuddende, onthutsende veranderings en aanpassings in sy lewenstyl voorsien nie, wat nog te sê, verwerk!

60 min. R95 kykNET Hoërskoolsaal
4 April 10:00 5 April 10:00 6 April 10:00
7 April 16:00

Proesstraat

KOMEDIE
Moontlik gemaak deur kykNET
Afr. OB (T)
Vervaardiger: *Richter Medien*
Teks: *Jolette Odendaal*
Regie: *Harald Richter*
Met *Waldemar Schultz, Pierre Breytenbach, Wikus du Toit, Melt Sieberhagen, Martelize Kolver, Esther von Waltsleben en bekendes as gaste.*

Kom kyk hoe die talentvolle akteurs van *Proesstraat* op hulle voete dink – of oor hulle val – sweet en die klits heeltemal kwytraak. Elke vertoning is 'n unieke ervaring. Kom lag en proes saam.

45min. R95 kykNET Hoërskoolsaal
4 April 17:00 5 April 20:00 6 April 20:00
7 April 14:00

Rooiland

Ko-produksie met Clover Aardklop

DRAMA
Afr. Geen o/18 (G) (S) (N) (V) (D) (T) OB
Vervaardiger en regie: *Jaco Bouwer*
Teks: *Tertius Kapp*
Musiek: *Braam du Toit*
Met *Brendon Daniels, Charlton George, Leon Kruger en Wilhelm van der Walt*

Rooiland is 'n verhaal van verhale, oorgeërfde herinneringe wat wapens word in die monde van gevangenes. Dit is in hierdie web wat die karakters van *Rooiland* hulself bevind, spartelend. Vier mans in 'n beknopte sel spook om slaapplek, sitplek, praatplek, dinkplek. Wanneer almal saam skreeu, tree daar tog 'n soort waarheid na vore.

90 min. R95 Suid-Kaap Kollegesaal
3 - 7 April 16:00

'n Seder val in Waterkloof

Ko-produksie met Innibos

KLUG
Afr. Geen o/7 (S)
Vervaardiger en regie: *Albert Maritz*
Teks: *PG du Plessis*
Met *Chris van Niekerk, Erica Wessels, Waldemar Schultz, Gigi, Jana Ficher, Lulu Botha, Petrus du Preez, Francois Jacobs, Janel Jordaan, Wessel Pretorius en Adriaan van As*

'n Snobistiese familie onthaal twee gesiene professore om vir Jakobus-Daniel van Vuuren as voorsitter van die Akademie te stem. Dan daag die kommin familie van Krugersdorp op en veroorsaak 'n opskudding in Waterkloof. Die poppe begin behoorlik rittel wanneer Poppie opdaag!

115 min. R95 SANW-ouditorium
4 April 20:00 5 April 09:00 5 April 20:30
6 April 09:00 7 April 16:00

Smelt

DEBUUT
DRAMA
Moontlik gemaak deur die LW Hiemstra Trust
Teks: *Saartjie Botha*
Regie: *Wolfie Britz*
Met *onder andere Gerben Kamper en De Klerk Oelofsen*

Om 'n storie behoorlik te vertel sit nie in enige man se broek nie. *Smelt* is gebore uit meesterkortverhaalskrywer en kontreistorieverteller Abraham H. de Vries se skatkis van verhale en staaltjies, om hoed te lug en hand te klap vir die storieboer van die Klein Karoo wat vanjaar welverdiend met die Afrikaans Onbeperk Toekenning vir Lewensbydrae bekroon word.

60 min. R95 Griesselsaal
4 April 20:00 5 April 10:00 6 April 14:30
6 April 20:00 7 April 10:00

Speel

DEBUUT
MUSIEKTEATER
Afr. Geen o/16
Vervaardigers: *Lizz Meiring, Rocco de Villiers, Theresa du Preez onder die vaandel van The Sixth Sense*
Teks: *Lizz Meiring*
Regie: *Neels Clasen*
Musiek: *Rocco de Villiers*
Met *Lizz Meiring en Rocco de Villiers*

'n Eerste op die wêreldverhoog - toneel en musiek word vermeng tot 'n nuwe teatertaal. *Speel* vertel die verhaal van 'n Suid-Afrikaanse vrou, Hermoine, wat in Londen

woon. Dis 1920 en die brutaliteit van die Eerste Wêreldoorlog is nog vars in almal se geheue. Sy ontmoet vir Vittorio in 'n sanatorium waar sy deeltyds werk, en vinnig besef die gehoor dat niks en niemand is soos dit lyk nie.

60 min. R120 Gimsaal
31 Maart 16:00 1 April 17:00 2 April 20:00
3 April 17:00

Teerling

Ko-produksie met Clover Aardklop

DEBUUT
DRAMA
Geen o/16 (S) (V)
Vervaardiger: *Alexa Strachan*
Teks: *PG du Plessis*
Regie: *Sandra Prinsloo*
Met *Marcel van Heerden en Milan Murray*

'n Witgepleisterde grafsteen en 'n duiwellin; 'n beteuterde welsynwerker en 'n vernuftige prostituut; 'n ryk sakeman en 'n verarmde alleenouer-ma; 'n reeksmoordenaar en 'n voorbeeldige skoolhoof; 'n mindere digter en 'n verpleegster met 'n kontantvloeiprobleem - almal moontlike karakters wat die gehoor kan verwag in *Teerling*, PG du Plessis se eerste drama in vyf jaar.

95 min. R95 Griesselsaal
4 April 10:00 5 April 14:30 5 April 20:00
6 April 10:00 7 April 14:30

Up in smoke

Vervaardiger: *Kairos Dramagroep*
Teks en regie: *William Michaels*
Met *Willy Michaels, Melloney Marais, Delecia September, Marlin Davids, Peter-John Tieties, El-John Konna en Algavia China*

Kairos is 'n jeugdramagroep van Heidelberg (Wes-Kaap) wat fokus op die ontwikkeling van jongmense wat in die kunste belangstel. Bekende sepiesterre soos Theodore Jantjies (Xander in 7de Laan), Christo Davids (Errol in 7de Laan) en Maurice Paige (Calvin Xavier in Isidingo) is produkte van dié groep. In *Up in smoke*, wenner van die Eden Dramafees 2011, ondersoek 'n groep jongmense die sosiale invloede in hul gemeenskap en hoe dit ander beïnvloed.

50 min. R60 Griesselsaal
1 April 10:00 2 April 14:30

Vlieger – Unplugged

KOMEDIE
Afr. Gesin
Vervaardiger, teks en regie: *Harry Kalmer*
Met *Ben Kruger*

Ben Kruger is Vlieger, die skoolseun wat besig is om seks, Leonard Cohen en ander wonderwerke te ontdek. 'n Multi-mediavertoning om jou en jou kinders terug te voer na die tyd van *slow dance*, garage paarties en boyfriends op die grens.

65 min. R90 kykNET Hoërskoolsaal
4 April 20:00 5 April 17:00 6 April 17:00
7 April 20:00

Voor ek vergeet…

DRAMA
Moontlik gemaak deur Clover en Leopard's Leap
Mediavennoot: Huisgenoot
Afr. Geen o/12
Vervaardiger: *The Sixth Sense*
Teks: *Karen Marx*
Regie: *Gert van Niekerk*
Met *Amanda Strydom en Hannes van Wyk*

Voor ek vergeet... is 'n reistog van geloof, hoop en liefde wat ma en seun saam aanpak. Die stuk is deurvleg met verrassende elemente wat die gehoor die heeltyd laat wonder oor so baie dinge. 'n Relevante stuk teater wat by almal aanklank sal vind en waarin elke mens homself sal herken.

70 min. R120 Oudtshoorn Courant Van Reedesaal 31 Maart 15:00 1 April 17:00 2 April 20:00 3 April 14:30

MUSIEK

14 Stasies van die kruis

DEBUUT
KLASSIEK-KONTEMPORÊR
Moontlik gemaak deur die Rupert Musiek-stigting
Aantekeninge in Afr. Gesin
Vervaardiger: *Johann Enslin*
Musiek: *Winand Grundling*
Met *Winand Grundling (orrel)*

Die *14 Stasies van die kruis* is 'n reeks improvisasies, geskep deur die orrelis Winand Grundling. Dit beeld die laaste tyd van Jesus op aarde uit deur middel van kreatiewe en tegniese improvisasies. Winand neem die luisteraar op 'n reis van pyn, lyding, seer en al die verskeie fasette van Jesus se emosies en toestand op aarde.

60 min. R80 NGK Park
3 April 19:00 4 April 16:00 6 April 19:00

2 Blondes 2 Tango

MUSIEKTEATER
Afr. en Eng. Gesin
Vervaardiger: *Tale B Told*
Teks en regie: *Ingrid Howard*
Musiek: *Zorada Temmingh en Elna van der Merwe*
Choreografie: *Mark Hoeben*
Met *Zorada Temmingh, Elna van der Merwe, Niël Rademan, Schalk Joubert en Kevin Gibson*

'n Aangrypende verhaal van twee vroue vasgevang in die soeke na identiteit, welvaart, oorlewing en vryheid gedurende die laat 1800's tot 1930's in La Boca (geboorteplek van die tango) in Argentinië. Die musiek word as storie saamgeweef deur die verteller, *pimp*, klubeienaar en kliënt. Die habanera, bolero en flamenco (voorlopers van die tango) word ook deel van hierdie tango-verhaal.

80 min. R120 Gimsaal
1 April 20:00 2 April 10:00 3 April 12:00
4 April 20:00

20 Hande 1 Hart

DEBUUT
INSTRUMENTAAL
KONTEMPORÊR
Mediavennoot: SARIE
Aangebied deur die Met Mathys Trust
Met *o.a. Pedro Kruger, Lize Beekman, Laurinda Hofmeyr, Jak de Priester, Matthys Maree, Ollie Viljoen, Anna Davel, Janine Neethling, Roelof Colyn en Alexa Strachan as seremoniemeester*

Een trekklavier, drie klaviere, tien pianiste, twintig hande – maar net een hart. 'n Huldeblyk aan die geliefde pianis Christa Steyn. Tien uiteenlopende kunstenaars op een verhoog met veral twee dinge gemeen – die klavier en liefdevolle respek vir Christa. Selde sal die gehoor die kans kry om in so 'n uitsonderlike musiekervaring te deel: solo's, duette, improvisasies en skermutselings.

90 min. R100 Absa Burgersentrum
5 April 20:30 6 April 10:00

Akoestiese klanke

DEBUUT
KONTEMPORÊR
Vervaardiger: *Carien Loubser*

Club Al Capone, die kuierplek van beroemdes en berugtes, bied vanjaar 'n eksklusiewe musiekreeks met legendariese

kunstenaars aan. Jou kaartjie gee jou toegang tot die laatnag-*jamsessies*. Kom kuier en skuur skouers met bekendes.

Afskop-partytjie
65 min. R115 31 Maart 20:30

Vusi Mahlasela en Karen Zoid
75 min. R115 per aand 1 en 2 April 20:30

Zolani (Freshlyground), Laudo (aKing) en Nick (Mikanic)
65 min. R115 per aand 3 en 4 April 20:30

Karma (Henry Ate) en Wendy Oldfield
65 min. R115 5 April 20:30

Ousus en Heuwels Fantasties –unplugged
65 min. R95 per aand 6 en 7 April 20:30

Amanda Strydom – Wierook en mirre

DEBUUT
MUSIEKTEATER
Veeltalig Gesin
Vervaardiger en regie: *Amanda Strydom*
Musikale regisseur: *Janine Neethling*
Met *Amanda Strydom, Janine Neethling (klavier en akkordeon), Juan Oosthuizen (kitaar) en David Klassen (perkussie)*

Amanda Strydom is volksbesit. Met dié produksie vier sy 33 jaar in die vermaaklikheidsbedryf. *Wierook en mirre* is 'n dankoffer aan die fynproewer - met liedjies uit haar omvangryke repertoire, asook werke in Spaans, Frans, Zoeloe en Nederlands, verweef met sketse en toonsettings van haar mentors Hennie Aucamp en Breyten Breytenbach.

70 min. R120 Gimsaal
4 April 17:00 5 April 10:00 6 April 17:00
7 April 14:00

Amore

DEBUUT
OPERA
Afr. Italiaans Frans Gesin
Vervaardiger: *Biblioteek Musiek Produksies*
Teks en regie: *Magdalene Minnaar*
Met *Janelle Visagie (sopraan), Stéfan Louw (tenoor), Jose Dias (klavier), Liesl Stoltz (fluit) en Cheryl de Haviland (tjello)*

Passie, owerspel en tragedie: In hierdie welbekende liefdesduette en -arias (uit Tosca, La Traviata, Werther, Aida en Turandot) word die werklikheid en melodrama van die operaverhoog ervaar. Verwag boeiende begeleiding, teatrale kostuums en dekor.

60 min. R80 Laerskool Noordsaal
31 Maart 20:00 1 April 20:00 2 April 17:00
3 April 14:00

Ave Maria / Halleluja

Afr. Gesin
Vervaardiger en konsep:
Ilse Schürmann namens ATKV
Teks: *Marlize Leyden*
Musiekregisseur en verwerkings:
Ockie Vermeulen
Met *Jak de Priester (sang), Minette du Toit-Pearce (mezzo-sopraan), Lizelle le Roux (viool), Ockie Vermeulen (klavier), Juan Floors Oosthuizen (kitaar), Matthew Lombard (altsaksofoon), Christi-Louise Swanepoel (kontrabas), Hugo Radyn (tromme), en die Klein Karoo Feeskoor o.l.v. Chrisna du Preez en John Theodore*

Talle geliefde werke en ook ligter musiek in 'n klassieke styl verwerk.

70 min. R110 Absa Burgersentrum
7 April 18:00

My Land, my Lied

JAZZ / BLUES
Afr. Gesin
Vervaardiger: *Tale B Told*
Regie en musiek:
Ollie Viljoen en Schalk Joubert
Met *Anna Davel (sang), Ollie Viljoen (klavier/akkordeon), Schalk Joubert (baskitaar), Kevin Gibson (tromme) en Lou-Ann Stone (saksofoon)*
Dié vertoning wil jazz en blues van volksvreemd na volkseie verander. Die musikante vertel deur hul instrumente 'n splinternuwe storie oor ons eie ou, legendariese musiek.

80 min. R100 Laerskool Noordsaal
4 April 17:00 5 April 14:00 6 April 20:00
7 April 10:00

Broadway op sy beste

DEBUUT
INSTRUMENTAAL / KONTEMPORÊR
Afr. Gesin
Vervaardiger en musiek: *Zamar*
Met *Veronica Bell, Lyudmyla Heath, Ignatius Kloppers, Brian O'Neill en Danica O'Neill*

Energieke, passievolle musiekplesier. Zamar, wat beteken "feestelike musiek met die pluk van snare", bring feesgangers 'n lewenslustige vertoning met hulle vertolking van bekende en geliefde Broadway-melodieë en vele meer.

70 min. R110 Laerskool Wesbanksaal
4 April 20:00 5 April 17:00 6 April 20:00
7 April 10:00

Chris Chameleon – Klank van jou oë

KONTEMPORÊR
Afr.
Vervaardiger en Musiekregie:
Chris Chameleon
Met *Chris Chameleon, Riaan van Rensburg en Adriaan Brand*
Chris Chameleon het reeds sinoniem geword met van die mooiste musikale vertolkings van Ingrid Jonker se woorde. Met sy nuutste CD, *Klank van jou oë*, bring Chameleon die verhaal van Ingrid Jonker, haar magiese woorde en die pragtige musiek wat dit inspireer, op die planke in 'n produksie wat die hart roer, die ore verbly en die gedagte aan haar huldig soos dit nog nie vantevore gedoen is nie.

80 min. R100 Absa Burgersentrum
4 April 20:00 5 April 17:00 6 April 17:00
7 April 12:00

Coenie de Villiers - Hart van glas

KONTEMPORÊR
Afr.
Met *Coenie de Villiers en Jaconell Mouton*

Ná meer as drie jaar keer Coenie de Villiers terug met 'n oorspronklike ateljee-album van wêreldgehalte. *Hart van glas* bevat 14 snitte wat weer eens bewys dat dit onmoontlik is om De Villiers se skeppende vermoëns in 'n blik te druk: daar is 'n skeut jazz; hy span kragte saam met nuwe, alternatiewe kunstenaars; bewys dat hy die meester van die ballade is; bevind hom gemaklik in die klassieke genre en verras met liriek en musiek wat 'n nuwe standaard vir Afrikaanse musiek – én Suid-Afrikaanse musiek – daarstel.

70 min. R125 Gimsaal
1 April 14:00 2 April 17:00 3 April 14:00
3 April 20:00

Daai ene met die vlerke

MUSIEKTEATER
Afr. Gesin
Vervaardiger: *Willie Strauss*
Teks: *Willie Strauss en Lizz Meiring*
Regie: *Lizz Meiring*
Musiek: *Christa Steyn en Roelof Colyn*
Met *Willie Strauss (akteur) en Roelof Colyn (begeleier)*

Die produksie vertel die storie van die engele en die mense wat met hulle in kontak kom en hoe die gebeure tydens 'n plattelandse Krimiskonsert almal se lewens verander wat deel was van die opvoering. Dit is magies en vermaaklik – warm, aards, propvol humor, patos en hoop.

55 min. R70 ATKV Neelsie Teater
4 April 18:00 5 April 10:00 6 April 14:00
7 April 12:30

Deurbraak

DEBUUT
VERSKEIDENHEIDSKONSERT
Afr. Gesin
Vervaardiger: *Aan de Braak Teater*
Regie: *Riaan Visman*
Musiek: *Lucas Heinen*

'n Eg Afrikaanse extravaganza met kraakvars talent! Verskillende genres soos kabaret, toneel, woordkuns en sang word gekombineer en interessant aangebied in een produksie van nuwe stemme wat wag om 'n deurbraak te maak.

70 min. R80 Jack Hindon-lokaal
2 April 20:00 3 April 20:00 4 April 20:00
5 April 20:00 6 April 20:00

Die fluitspeler van Hamelin

WOORDKUNS / MUSIEK
Afr. Gesin
Vervaardiger: *Niël Rademan Produksies*
Teks: *Philip de Vos*
Met *Zorada Temmingh (orrel) en Niël Rademan (voorlesing en sang)*

Hierdie produksie beloof om 'n fees vir enige musiek- en woordkunsliefhebber te wees. Dié nuutgeskrewe teks - geskoei op die klassieke verhaal - is speels en vol kwinkslae.

50 min. R100 NGK Park
4 April 10:00 5 April 16:30 6 April 16:30

Droomvrou

MUSIEKBLYSPEL
Afr. Gesin
Vervaardiger: *Tale B Told*
Teks: *Ingrid Promos*
Regie: *Jak de Priester*
Musiek: *Lucas Maree*
Musiekregisseur: *Camillo Lombard*
Met *Richard van der Westhuizen (Alexander), Brandon October (Martyn) en Antonina Deriienko (Antonina)*

Lucas Maree se skatkis van kreatiewe kwaliteitmusiek en -lirieke vertel hier die lewensverhaal van Antonina Dariienko. Antonina is 'n vars nuwe bries uit die Oekraïne in die Suid-Afrikaanse vermaaklikheidsbedryf. Sy is 'n "droomvrou" in talent, wilskrag, oorlewing en deursettingsvermoë.

100 min. R120 Gimsaal
4 April 10:00 5 April 17:00 6 April 14:00
7 April 20:00

Dumela, Suid-Afrika!

DEBUUT
KINDERKOOR
Dirigent: *Jennifer Grant*
Musiek: *Nick Curror*
Met *The Ryleys Singers*

Die Ryleys-koor, bestaande uit 'n groep seuns en meisies tussen 7 en 13 vanaf Cheshire in die Verenigde Koninkryk, dek 'n uitgebreide repertoire – van bekende Afrika-liedjies soos *Tina Singu*, *Mangwani Mpulele*, meer klassieke liedjies soos *Jerusalem* en *Our Father*, tot populêre musiek soos *Bohemian Rhapsody* en *Tears in Heaven*.

45 min. R60 NGK Park
5 April 19:00 6 April 14:00

Feesklanke van die Suid-Kaap

DEBUUT
KLASSIEK-KONTEMPORÊR
Onder leiding van Jan-Erik Swart

Die Suid-Kaap Kinderkoor is Suid-Afrika se nuutste koorfenomeen! Na sewe CD's, 'n nasionale oorwinning by die 2010 ATKV Animato-kompetisie en 'n *summa summa cum laude*-2011-toer van Europa, waar hulle by elke konsert staande toejuigings ontvang het, bied die engelestemme van Mosselbaai, George, Oudtshoorn en Knysna vir die eerste keer 'n feesrepertorium van puik koorsang by die Absa KKNK aan!

120 min. R80 NGK Park
4 April 19:00 5 April 10:00

Friedel Mitas & Canto Amici

DEBUUT
KLASSIEK-KONTEMPORÊR
Regie: *Friedel Mitas*
Met *Friedel Mitas en Canto Amici*

Die jong sopraan van Oudtshoorn, Friedel Mitas, het die musiekwêreld aan die gons met haar grootse talent. Friedel het in 2011 haar internasionale debuut in Italië gemaak. In hierdie uitvoering, spesiaal saamgestel vir die Absa KKNK, tree een van die land se talentvolste a cappella-groepe, Canto Amici, saam met Friedel op. Feesgangers kan uitsien na bekende werke soos *Summertime*, *The Jewel Song*, *Mali die slaaf se lied* tot *I dreamed a dream*, *Suikerbossie* en *O mio babbino caro*.
60 min. R80 ATKV Neelsie Teater
5 April 15:00 6 April 17:00 7 April 10:00

GPS vir die lewe

DEBUUT
Afr. Geen o/12 (T)
Musiek: *Koos Kombuis*
Met *Koos Kombuis, Schalk Joubert en Melissa van der Spuy*

Koos Kombuis glo onwrikbaar in sy GPS, vestig sy hoop op die eenvoud van 'n donkie en verklaar sy liefde vir 'n vet vrou. Suiwer gospel is dit voorwaar nie; tog bring Koos die boodskap van geloof, hoop en liefde in 'n taal wat ons almal verstaan.

80 min. R 90 Laerskool Wesbanksaal
31 Maart 20:00 1 April 10:00 2 April 14:00
3 April 14:00 5 April 20:00

Huisgenoot Musiekplaas Aandprogram

Sien asb. die Huisgenoot Musiekplaas Aandprogram hieronder. *Afskop Treffer na Treffer* en *Skouspel onder die sterre* het bespreekte en onbespreekte sitplekke, terwyl die *Huisgenoot-Vonk-Extravaganza*, *Grootste Sokkie-treffers*, *Platinum-treffers* en *Potpourri-konsert* slegs onbespreekte sitplekke het.

Afskop Treffer na Treffer

Met *Nicholis Louw, Adam Tas, Eliza Theron, Romanz, Charlize Berg, Ray Dylan, Manie Jackson, Michael Lindt, NRG, Gerrie*

Pretorius, Fredi Nest, Monique, Jakkie Louw, David Fourie, Ricus Nel, Snotkop, Kevin Leo, Willie Joubert, Natasha Joubert, Wicus van der Merwe, Pieter Koen en Heinz Winckler

Saterdag 31 Maart 16:00 – 22:30
(sluit halfuur pouse in)
R130 (Goue sirkel bespreekte plekke)
R100 (Onbespreekte sitplekke)
R60 (Onbespreekte sitplekke vir kinders onder 15)

Skouspel onder die sterre

Met *Nianell, Sarah Theron, Bianca le Grange, Andriëtte Norman, Charlize Berg, Suzanne Rentzke, Romanz, Coenie de Villiers, Nicholis Louw, Kevin Leo, Elvis Blue, Mark Haze, Willem Botha, Dewald Louw en Electric Pop Orchestra*

Sondag 1 April 19:30 – 22:30
R130 (Goue sirkel bespreekte plekke)
R100 (Onbespreekte sitplekke)
R60 (Onbespreekte sitplekke vir kinders onder 15)

Huisgenoot-Vonk-Extravaganza

Met *Annique, Stef Kruger, Anton Myburgh, Altus Theart, Joe F, Ricky Faber, Juan Boucher, Guillaume, Gerhard Steyn, Richard van der Westhuizen, Amoré, Wynand Strydom, Helenè Bester, Rooies, Anél en Rudi Muller*

Maandag 2 April 19:30 – 22:30
R80 (Volwassenes)
R50 (Kinders onder 15)

ABBA Voulez Vous-Mamma Mia!-Tour

Voulez Vous se Mamma Mia!-konsert bied net die beste Abba-liedjies

Woensdag 4 April 19:30 – 22:30

Grootste Sokkie-treffers

Met *Kurt Darren, Nicholis Louw, Ray Dylan, Manie Jackson, NRG, Gerrie Pretorius, Heinz Winckler, Fredi Nest, Monique, Jakkie Louw, David Fourie, Die Kaapse Affodille en DJ Oros*

Donderdag 5 April 19:30 – 22:30 R80 (Volwassenes) R50 (Kinders onder 15)

Platinumtreffers

Met *Bobby van Jaarsveld, Jay, Ray Dylan, Manie Jackson, Karlien van Jaarsveld en Lianie May*

Vrydag 6 April 19:30 - 22:30 R80 (Volwassenes) R50 (Kinders onder 15)

Potpourrikonsert

Met *Michael Lindt, Chrizaan, Hugo Nieuwoudt, Mady, Viljoen Retief, Crushanda Forbes, Lee Scott, Sarah Theron, Ashley Pienaar, Bakgat Boyz, Larry Joe en orkes, Emo Adams en orkes*

Saterdag 7 April 15:30 - 22:00 R20

InstrumenTALE Popera in die Klein Karoo

DEBUUT
KONTEMPORÊR / KLASSIEK
Vervaardiger en regie: *Carina Bruwer*
Met *Carina Bruwer (fluitspeler), Eriel Huang (violis), Renate Riedemann (violis), Ariella Caira (tjellis), Mpendulo Yawa (tenoor), Loyiso Dlova (tenoor), Xolani November (tenoor) en Siyabulela Gqola (tenoor)*

Die Sama-bekroonde Sterling EQ en die pop-opera-sensasie The Gugulethu Tenors in ’n trots Suid-Afrikaanse klassieke pop-skouspel wat genres, tale, en selfs gemeenskappe byeenbring deur melodie en liriek! Van Mozart tot Mannetjies Roux en Nessun Dorma tot Nkalakatha – hierdie lekker musikale Klein Karoo-samekoms bied iets vir almal!

80 min. R125 Laerskool Noordsaal
5 April 20:00 6 April 10:00 6 April 17:00

Jak de Priester - Van Nougat tot nou

KONTEMPORÊR
Met *Jak de Priester, Lucas Heinen (klawerbord), Danny Smoke (kitare) en Rochelle Rautenbach (baskitaar)*

Jak de Priester se 10 jaar *anniversary*-konsert. Om 10 jaar in die bedryf te oorleef is ’n mylpaal wat gevier moet word met niks minder nie as ’n beeldskone konsert wat die reis van hierdie liedjieskrywer vasvang. *Sally Williams Nougat* was die eerste lied wat tot die harte van Suid-Afrikaners gespreek het, daarna was sy stem vyf jaar lank in Suid-Afrikaners se huise met Binnelanders en toe was dit die satire van *Groen Mamba* wat die volk aangegryp het.

90 min. R100 Gimsaal
4 April 14:00 5 April 20:00 6 April 20:00
7 April 10:00

Laurika Rauch – Nuwe temas

DEBUUT
KONTEMPORERE MUSIEK
Met Laurika Rauch, Lulu van der Walt en Fanie Fouché

Sy’s terug! Na ’n geruime tyd tree Laurika Rauch weer vanjaar in ’n solovertoning op. Sy sluit oudergewoonte van haar bekende en geliefde liedjies in, maar sing ook van nuwe temas, wat alles vir haar kosbaar is, omsluit. Laurika word deur Lulu van der Walt en Fanie Fouché gesamentlik begelei. Albei dra op klawers én sang by tot ’n vernuwing en verdieping in haar kuns. As jy al ooit ’n intieme vertoning van Laurika bygewoon het, soos díe een beloof om te wees, sal jy weet watter voedsel vir die siel sy met woord en lied verskaf.

R150. 75 min. Club Al Capone
2, 3, 5 en 6 April 17:30.

Karnaval van die Diere & Pieter en die Wolf

KLASSIEK – SIMFONIE-ORKES
Moontlik gemaak deur die
Rupert Musiekstigting
Afr. en Eng. Gesin
Vervaardiger: *UP Departement Musiek – Universiteit Pretoria Simfonie-orkes*
Teks: *Tobie Cronjé*
Regie: *Eric Rycroft*
Met *Tobie Cronjé (verteller), Wessel van Wyk (pianis), Jannie le Roux (pianis), Eric Rycroft (dirigent) en die UP Simfonie-orkes*

Die UP Simfonie-orkes en die legendariese Tobie Cronjé span kragte saam met die klaviergenie Wessel van Wyk, die opkomende ster Jannie le Roux en die dirigent Eric Rycroft in ’n betowerende produksie van Camille St Saëns se *Karnaval van die diere* en Sergei Prokofiev se *Pieter en die wolf*.

60 min. R85 Absa Burgersentrum
2 April 20:00 3 April 10:00

Mathys Roets - Rembrandt se meisie in die maan

KONTEMPORÊR
Vervaardiger en Musiekregie:
Mathys Roets
Met *Mathys Roets, Matthys Maree en Rozelle Blackie*

Met sy nuwe CD, *Rembrandt se meisie in die maan*, bevestig Mathys Roets sy besonderse

talent en die briljantheid van ons beste liriekskrywers. Die lirieke skep 'n volle spektrum van stemmings. In die produksie beleef die gehoor 'n volkleursimfonie van klanke wat jou aangryp en bybly, weemoedig stem en verheug.

60 min. R90 Laerskool Wesbanksaal
4 April 14:00 5 April 10:00 6 April 14:00
7 April 13:00

My broetjie, my bra

MUSIKALE KOMEDIE
Vervaardigers en teks: *Emo Adams, Loukmaan Adams en Basil Appolis*
Regie en vertaling: *Basil Appolis*
Musikale regisseur: *Camillo Lombard*
Choreografie: *Loukmaan Adams en Basil Appolis*

Op hulle eie is hulle dinamiet. Saam is hulle plofbaar. Die uiters talentvolle broers, Emo en Loukmaan Adams, is huishoudelike name in die Suid-Afrikaanse vermaaklikheidsbedryf. Nou is hulle saam by die fees om jou met hulle onweerstaanbare sjarme en altydteenwoordige broederlike wedywering te oorrompel.

60 min. R100 Absa Burgersentrum
31 Maart 20:00 1 April 20:00 2 April 10:00
3 April 17:00

Nianell en Romanz – 'n Duisend drome

KONTEMPORÊR
Met *Nianell en Louis Loock, André Venter, Adam Barnard en Burgerd Botha*

Die musikale hoogtepunt van die jaar word gebied deur die multiplatinum kunstenaars, Nianell, wat geseën is met 'n verstommende stemomvang en die kwartet Romanz, soos vervat in hulle album, *'n Duisend drome*. Sielvolle vertolkings van volwasse kontemporêre ballades, polsende popnommers, geestelike juwele en ligte klassieke liedere, gekenmerk deur vokale suiwerheid, stylveelsydigheid en musikale eerlikheid.
90 min. R125 Gimsaal
5 April 14:00 6 April 10:00 7 April 17:00

Die Parlotones

Die opwindende, alombekende Parlotones is vir die eerste keer in Oudtshoorn te sien. Hou gerus ons webblad en die media dop vir meer inligting. Bring asb. jou eie stoel.

3 April 19:00 R165
Vredestraat Sportterrein

Pedro Kruger – 11.3.71

MUSIEKTEATER
Vervaardiger: *Wordsmith's Theatre Factory*
Teks en regie: *Hennie van Greunen*
Musiek: *Pedro Kruger*
Met *Pedro Kruger*

In sy hart is hy 21, maar sy ID sê hy's 40! *11.3.71* is 'n toonkas vir Pedro se talente as akteur, storieverteller, pianis, liedjieskrywer en sanger. "Pedro Kruger se eerlike en passievolle *11.3.71* bly 'n feesgunsteling." – Volksblad. "Briljant! Pedro bly een van ons land se top-*performers*!" – Aardklop.

60 min. R80 Laerskool Wesbanksaal
31 Maart 10:00 1 April 17:00 6 April 17:00
7 April 15:30

Rymklets van Oos tot Wes

DEBUUT
Met *Kallitz, Agemi en Earl, Hemelbesem en Meli Grey*

Na afloop van die onlangse soektog na die beste nuwe Afrikaanse rymkletser het baie *mc*'s na vore gekom uit die krake van die Afrikaanse hip hop-hoofstad, die Kaapse Vlakte. Hierdie konsert plaas van die beste kunstenaars op een verhoog.
120 min. Gratis Queen's Mall Amfiteater
6 April 18:00

Ses Snare

KONTEMPORÊR
Afr. en Eng. Gesin
Vervaardiger: *Giep van Zyl*
Met *Blackie Swart, Wouter van de Venter, Thean Kotze, MD Greyling, Leon Ecroignard en Pieter Smith*

Ses Snare is terug by die Absa KKNK waar hul vorige vertonings telkens uitverkoop is. Die suksesresep waarmee hulle die afgelope drie jaar gehore regoor die land laat voete stamp het, het nie verander nie – 'n kombinasie van bekende treffers en vuurwarm oorspronklike musiek.

80 min. R95 Laerskool Wesbanksaal
1 April 14:00 2 April 20:00 3 April 20:00
4 April 10:00

Shanghai Brunch

KLASSIEK
Afr. en Eng. Gesin
Vervaardiger: *Charl du Plessis*
Musiek: *Bach, Mozart, Beethoven en ander*
Met *Charl du Plessis (klavier), Werner Spies (bas) en Hugo Radyn (tromme)*

Charl du Plessis is Suid Afrika se *piano man* en meng in *Shanghai Brunch* sy klassieke klaviermusiek van wêreldgehalte met kontemporêre ritmes in 'n musikale produksie wat jy kan proe! Dink aan Bach in die styl van 'n boogie-woogie of Mozart wat mambo. Daar is gunstelingmelodieë van Beethoven, Chopin en Debussy, en selfs Lady Gaga. Charl du Plessis is die jongste pianis in Afrika wat met die lewenslange titel van Steinway-kunstenaar bekroon is. *Shanghai Brunch* het reeds vol sale in China, Switserland en Holland getrek en beloof om 'n hoogtepunt van vanjaar se fees te wees.

75 min. R80 Laerskool Noordsaal
31 Maart 14:00 1 April 17:00 2 April 20:00

Skeer op Richmond

MUSIEKTEATER
Teks: *Saartjie Botha, Nina Swart (medewerker)*
Regie: *Nina Swart*
Met *Laurinda Hofmeyr, Stephanie Hough, Leonore Bredekamp en Frieda van den Heever*

Twee vroue, op soek na aflegging en vernuwing, onderneem 'n reis tydens Kerstyd vanaf die Kaap na Bethlehem. Teen die agtergrond van 'n landskap waar 'n mens uitgelewer is aan jouself, deel die gehoor in hul heelwording.

65 min. R85 Laerskool Wesbanksaal
31 Maart 14:00 1 April 20:00 2 April 17:00
3 April 10:00

Steve Hofmeyr – Haloda

KONTEMPORÊR
Met *Steve Hofmeyr, Armand Hofmeyr en Willem Botha*

Steve Hofmeyr vier sy 25ste album, *Haloda*, by die Absa KKNK. Met ritmiese wikkeldeuntjies, glimlaglirieke en sy kenmerkende rasperstem bied dié superster weer eens 'n vertoning vir oud en jonk propvol luistergenot. Konsertgangers kan 'n vertoning uit die boonste rakke verwag. Steve se sangerseun, Armand, sal die voorvertoning doen. Willem Botha deel ook die verhoog met die twee Hofmeyr-mans.

120 min. R130 Absa Burgersentrum
3 April 20:00 4 April 14:00 5 April 13:00

Storielied

MUSIEKTEATER
Afr. Gesin
Vervaardiger, teks, regie en musiek: *Luna Paige*
Met *Luna Paige (sang, klavier, kitaar), Schalk Joubert (baskitaar), Kevin Gibson (tromme) en gaskunstenaars*

Storielied gaan oor die liefdesverhouding tussen die Afrikaner en die aarde. Luna en haar uitmuntende orkes neem jou op reis na ruimtes waarbinne jy verskeie aspekte van jouself en dié wat jy liefhet, sal herken. Sy put haar inspirasie uit romans en kortverhale soos geskryf deur van ons land se mees bekroonde skrywers.

90 min. R80 Laerskool Noordsaal
4 April 14:00 5 April 10:00 7 April 14:00

Trein Smash!

KABARET
Afr. Geen o/16 (T)
Vervaardigers, teks en regie: *Riaan Visman en Stephanie Badenhorst*
Musiek: *Lucas Heinen*
Met *Riaan Visman en Stephanie Badenhorst*

'n Treinrit tussen Stellenbosch en Kaapstad loop lelik skeef vir twee vryskutakteurs. Wat sê 'n akteur vir sy werkgewer of vir die kliënt vir wie hy 'n oudisie doen? Wie blameer jy? Wie sal verstaan? Wie staan pa vir die ekonomie wat daaronder ly?

60 min. R75 Jack Hindon-lokaal
2 April 12:30 3 April 12:30 4 April 12:30
5 April 12:30 6 April 12:30

Vagina Dentata – 'n *Kabarett*

DEBUUT
KABARET / MUSIEKTEATER
Afr. en Eng.
Geen o/18 OB (G) (S) (N) (V) (D) (T)
Vervaardiger: *TEATERteater / Oorspronklik ontwikkel deur die Universiteit Stellenbosch Dramadepartement*
Teks: *Roxanne Bain, Kelly-Eve Koopman, Greta Pietersen en Christiaan Olwagen*
Regie: *Christiaan Olwagen*
Musiek: *Grethe van der Merwe en Lise Morrison*
Met *Roxanne Bain, Kelly-Eve Koopman, Greta Pietersen en Wessel Pretorius*

Jy kan in hierdie wulpse, feministiese kabaret verwag om deur glans, klatergoud en skitterblink skrapse nommertjies - met die mantel van ironie as bykomstigheid - oorrompel te word. Die musikale satire is 'n mengelmoes van *The Dresden Dolls*, *Lady Gaga*, *Skunk Anansi*, *Brecht* en *Annie Sprinkle* – en ja: "It's f*cking political!"

90 min. R75 Jack Hindon-lokaal
2 April 17:00 3 April 17:00 4 April 17:00
5 April 17:00 6 April 17:00

Voetstoots

KABARET
Vervaardiger: *Stercus Produksies*
Teks en regie: *Gaerin Hauptfleisch*
Met *Petrus du Preez, Stephanie Hough, Marlo Minnaar en Frieda van den Heever*

"Die lewe in Suid-Afrika kan beskryf word as 'n kabaret; dis kleurvol, onvoorspelbaar, divers, vol geur, klank en musiek, onverwags, skrikwekkend en vermaaklik, dit floreer op paradoks, teenstelling en uiterstes." So skryf Herman Pretorius in 1994. Vandag is dié woorde steeds waar. *Voetstoots* ondersoek die lewe in Suid-Afrika deur middel van teks, musiek en satire.

70 min. R100 Laerskool Noordsaal
31 Maart 17:00 1 April 14:00 2 April 14:00
3 April 17:00

DANSTEATER

(Ondersteun deur die National Lottery Distribution Trust Fund)

Spectacular – Spectacular!

DEBUUT
Vervaardiger: *Carien Loubser*
Regisseur: *Mark Hoeben*
Seremoniemeesters: *Emo Adams en Shaleen Surtie-Richards*
Vervaardiger & regisseur: *Carien Loubser*
Artistieke regisseur: *Mark Hoeben*
Met *Shaleen Surtie Richards, Emo Adams, Janie du Plessis en Neels van Jaarsveld Dansers: Celeste Botha (so you think you can dance) Henk Opperman (Dans Dans Dans) Megan Erasmus (so you think you can dance) Eon van Zyl (aerial act) John Mbuso Sithole (Umoja) Charlston van Rooyen (Vuyani Dance Theatre)*

Hier groep dansers is van SA se beste en het al regoor die wêreld opgetree in lande soos Duitsland, Switserland, Denemarke, Spanje en Frankryk. Het jy al ooit gewonder hoe die tango sal lyk as Janie du Plessis dit doen, of Shaleen die Samba? En dalk doen Neels die Flamenco en Emo die Mambo... Dit is 'n ongewone lekker dansproduksie waar jy alles kan sien van Broadway tot Ballet; van die Foxtrot tot die Cha-Cha - alles op die musiek van die Beatles, Beethoven en Lady Gaga. Wees gewaarsku: jou eie voete gaan jeuk.

70 min. R75 Absa Burgersentrum
31 Maart 14:00 1 April 14:00 2 April 14:00

Vlam

DEBUUT
Vervaardiger: *Namjive*
O.l.v. *Dawn Langdown en May Wagner*

Namjive, 'n opvoedkundige kuns- en kultuurprojek in die Noord-Kaap, wil met hul produksie, *Vlam*, die 18de Absa KKNK inlei met 'n viering van dansteater, gedramatiseerde mites, musiek en visuele effekte van kerslig, vlamme, beeldhouwerke en reuse marionette onder leiding van Dawn Langdown en May Wagner. Plaaslike deelnemers van Oudtshoorn sal deel wees van dié massiewe buitelugvertoning.

60 min. Gratis Aurial Kollege-terrein
31 Maart 20:30

KINDERTEATER

Kaptein Blitz en die skool vir Superheroes

Vervaardigers: *Ann Toerien, Let's be Frank Productions*
Teks: *Jaco Jacobs*
Regie: *Tara Louise Notcutt*
Met *Frank Opperman*
Kaptein Blitz is Suid-Afrika se eie superhero en onderwyser by die Skool vir Superheroes. Ontdek saam met Kaptein Blitz die fantastiese wêreld van superhelde. Leer hoe om 'n superhero-naam te kies wat skurke koue rillings gee. Oefen om soos 'n superhero op die toneel te verskyn en slim *gadgets* te gebruik. En vind uit hoe om superskurke op hulle herrie te gee. Want vir elke superhero is daar ook 'n superskurk of twee of drie ... en kort voor lank is daar meer aksie in Kaptein Blitz se klas as in die nuutste Batman-*comic*!

50 min. R70 Laerskool Noordsaal
31 Maart 10:00 1 April 09:00 2 April 11:30
3 April 09:00

Liewe Heksie en die rolskaatse

Vervaardiger: *Die Boer Restaurantteater*
Teks: *Margit Meyer-Rödenbeck na Verna Vels se verhale*
Regie: *Margit Meyer-Rödenbeck*
Met *Margit Meyer-Rödenbeck en Deon van Zyl*

Die geliefde Liewe Heksie is terug! Haai oe, maar sy het bietjie vergeet van verjaarsdae en daarom vier sy haar "eerste" verjaarsdag in Oudtshoorn. Maar ai, die groot, grillerige Geelheks probeer haar vieringe in die (rolskaats)wiele ry. Levinia vra mooi: "Asseblief, kaboutervriende, kom help my!" Verna Vels se immergroen verhale word verlewendig met baie gehoordeelname en voortsnellende aksie.

60 min. R60 Queen's Mall Amfiteater
5 April 14:00 6 April 09:00 7 April 12:00

Lollos! 4

DEBUUT
Vervaardiger en teks: *Lollos Productions*
Regie, musiek, choreografie: *Alta Joubert en Minki Burger*
Met *Alta Joubert, Minki Burger, Benjimin Jacobs en Redione Stephens*

Lettie kom kuier op die aarde en Lollos vertel vir haar van al die wonderlike plekke en dinge wat hy al in Suid-Afrika gesien het! Gedurende dié lewendige vertoning sal die SAMA-wenners weer seker maak dat almal heerlik saamsing en dans.

45 min. R50 Queen's Mall Amfiteater
31 Maart 10:00 1 April 09:00 1 April 14:00

Vallende maan

Ondersteun deur Joan St Leger Lindbergh Charitable Trust

Vervaardiger: *Jungle Theatre Company*
Regie: *Jaqueline Dommisse*
Ontwerp: *Janneke Baveld*
Met *Unathi Speelman, Stacey Francke, Candice Waries and Vincent Meyburgh*

Die maan het uit die lug geval, ontdek 'n driemanskap wat op 'n boeiende tog deur die Karoo gaan. Wat kan aan die maan gedoen word? Wie besluit oor die maan se lot? Die drie snaakse karakters, wat nêrens regtig inpas nie, leer oor die gevare van die mens se dade en besef hoe belangrik dit is om vir die natuur om te gee.

60 min. R50 Queen's Mall Amfiteater
2 April 14:00 3 April 09:00 4 April 12:00

Vincent van Gogga

Vervaardiger en regie: *Niël van Niekerk*
Teks: *Philip de Vos (oorspronklik), Bernadette van Heerden*
Musiek: *Stephan Bezuidenhout*
Choreografie: *Bea van der Vyver*
Met *Stephan Bezuidenhout, Martinette van Jaarsveld, Chanmari Erasmus, Bea van der Vyver en Niël van Niekerk*

Vincent van Gogga gaan op 'n avontuurlike reis waar hy interessante karakters soos Madame Zelda, die skelm Egiptiese fortuinverteller, ontmoet. Hy maak vriende met Paul Gogga en saam leer hulle haar 'n les! Mitzi Marais, Lucky die Likkewaan, Lullu die Franse poedel en nuutgeskrewe Afrikaanse liedjies maak van Vincent se avontuur opwindende kinderteater.

65 min. R50 Laerskool Noordsaal
1 April 11:30 2 April 09:00 3 April 11:30

B-Crafty – Kinderkuns met klei

Kinders is veilig en geniet die kreatiewe ruimte waarin hulle werk. Elkeen kry die geleentheid om met pottebakkersklei te werk. Dié aktiwiteit is al vier jaar deel van die feesprogram!

R100 per werkswinkel Locketzstraat 6
Daagliks 10:00 tot 12:00, 14:00 tot 16:00
Besprekings: 083 952 8411 of bcrafty@telkomsa.net

Absa KooWee Kinderhoekie

Die Absa KooWee Kinderhoekie bied 'n veilige en kindervriendelike omgewing waar kinders kan speel, terwyl Ma en Pa elders op die fees kuier. Opwindende aktiwiteite soos 'n sandput, springkasteel, klimraam en baie ander pretdinge! Die kleinspan kan ook hulle gunsteling-KooWee-karakters ontmoet. Professionele kinderoppassers.

R30 (per dag) R160 (vir die week)
Sluit 'n geskenkpakkie in
31 Maart tot 7 April 08:00 tot 17:00
Kaartjies vanaf 30 Maart by die Absa KooWee Kinderhoekie

WOORDKUNS

Die Program van Die Burger Praatsaam-reeks en die Boekegesprekke sal binnekort by www.absakknk.co.za beskikbaar wees.

Anties, tannies en madams

Teks en regie: *Marga van Rooy*
Met *Marga van Rooy en Yvonne Schoeman*

Marga van Rooy en Yvonne Schoeman tree op in 'n moderne TV-joernaalprogram. Hulle onthou onvergeetlike karakters wat hulle deur die jare vertolk het. Marga onthou Worsie se TV-ma en 'n Manakwalander-tante. Yvonne onthou Audrey Blignaut-werke wat by talle vrouefunksies voorgedra is en so vermaaklik was. Dit word 'n komiese, nostalgiese reis.

60 min. R100 ATKV Neelsie Teater
31 Maart 14:00 1 April 12:00 2 April 18:30
3 April 10:00

As jy luister – Sheila Cussons 90 jaar

Regie: *Frieda van den Heever*
Met *Frieda van den Heever, Lou-Ann Stone, Ramon Alexander (klavier), Annemie Nel (tromme en perkussie) en Josh Prinsloo (baskitaar)*

Dis Sheila Cussons, een van ons land se grootste digters, se 90-jaar-viering vanjaar. Die ryk spektrum van Cussons se oeuvre en die oorkoepelende temas laat ruimte vir eksperimentering met 'n nuwe tipe klank in Afrikaans. Die toonsettings in dié program is vars en oorskry grense van ouderdom, kultuur en ras.

70 min. R90 ATKV Neelsie Teater
2 April 10:00 3 April 13:00 4 April 10:00
5 April 18:00

Die beiteltjie

Aangebied deur RSG

Kom klink 'n glasie en luister daagliks na bekroonde hoorbeelde en radiodramas uit die SAUK se klankargief. Besoek www.absakknk.co.za vir die program.

Toegang: Gratis
N.A. Smit-kamer, C.P. Nel Museum

Drie reisigers en Valiant Swart

***Met** Johan Badenhorst, Dana Snyman, Johan Bakkes en Valiant Swart*

Die drie reisigers sal stories vertel en voorlees soos vervat in hulle audioboek, *Drie Reisigers aan die woord*. Daarmee saam sal Valiant Swart liedjies van die langpad sing. Dis 'n samekoms van vier manne wat een ding in gemeen het – om te reis en terug te kom om daarvan te vertel, hetsy in artikels, reisjoernale, televisieprogramme of musiek.

60 min. R100 ATKV Neelsie Teater
31 Maart 12:00 1 April 14:00 2 April 16:00
3 April 18:30

Hier huil jy net twee keer

***Regie:** Sallas de Jager*
***Met** Dana Snyman, John-Henry Opperman, Sallas de Jager, Dawie de Jager, Marie-Louise Pretorius, Werner Griesel en Morné Bam*

Die opvolgvertoning van die suksesvolle *Baby, as ek verby ry*. Die titel kom van die gesegde: "Hier huil jy net twee keer, die dag wat jy aankom en die dag wat jy weer moet wegry." Die produksie is saamgestel uit Dana se stories wat handel oor families en hul huishoudings, die mooi, die snaakse en die hartseer aspekte daarvan. Die stories word gekomplimenteer deur Klopjag se musiek.

55 min. R100 Laerskool Noordsaal
3 April 20:00 4 April 20:00 5 April 17:00
6 April 14:00

Karoo Krioel

OUDTSHOORN ORALOOR

***Met** o.a. Andries Vermeulen en Ollie Viljoen in "Stoepstories", Eldene Jones en Glen Arendse in "Bittersoet einde", Rika Vermeulen in "Lus" en die "Karooklanke" met Nellie Wildschut, Sanna Claasen, Emile Cupido, Christo Mastolla, Shamilin Matthews, Shenobia Satouw, Christina Jantjies, Jenine Lewis, Johnny Claasen en Franklyn Pietersen*

Kom klim op die feesbus en volg die spoor saam met ons na die boeiende stories en die klanke wat die mooiste Karoo-plekke rondom Oudtshoorn vroegoggend bied.

210 min. R200 (ete ingesluit)
Vertrek vanaf Pendeldiensbasis
2 – 5 April 08:00

Windbrekers en wegbrekers

DEBUUT
***Teks en regie:** André Boezak*
***Met** Eureka Mooney*

Kom kuier saam met Henna in haar sitkamer waar sy jou deur musiek en rare stories na die onthou van gister se ryk nalatenskap neem.

60 min. R60 Eetkamer, C P Nel Museum
3 en 4 April 15:00 5 en 6 April 18:00

LEEFSTYL

Art Karoo - kunservaring in die buitelug

Die grootste vreugde van kuns lê opgesluit in die skeppingsproses - en waar beter om dit te ondervind as in die hart van die Klein Karoo? Ons vervoer jou na 'n uitgesoekte plek in die natuur om tyd saam deur te bring waar ons saam skeppend word, in die geselskap van 'n plaaslike kunstenaar. Jy word verder gepamperlang met Karoo-cuisine op sy beste. Skilderdoek, verf, kwaste en esels word verskaf. Bring net jou eie sonskermroom, hoed en kamera!

R650 1 & 7 April 2012 08:30 – 13:00.
Vir meer inligting skakel 044 279 1093,
of e-pos janet@artkaroo.co.za.
Art Karoo 107, Baron van Reede,
Oudtshoorn

Belgiese sjokolade in pas met wyn

Afr. en Eng. Geen o/18 (alkohol)
'n Dekadente reis met Belgiese sjokolade en wyn deur die plaaslike chocolatier, Marita Lamprecht, en die Kaapse wynmeester, Junel Vermeulen. Met 'n gevatte en ligte aanslag word 'n professionele pasproe van fyn geselekteerde wynstyle met handgemaakte pralines afgerond tot 'n onvergeetlike smaakervaring.

90 min. R95 Oudtshoorn Wijnhuis
31 Maart 2 April 4 April 10:00 en 15:00
1 April 3 April 5 April 11:00 en 15:00
6 April 10:00

Brood en jam vir die siel

Afr. Gesin
***Met** Zamar*

Musiek met 'n geestelike boodskap, waartydens plaasbrood, konfyt en heuning bedien sal word. 'n Bekoorlike Karoo-ervaring op die plaas met strooibale as stoele en 'n wa as verhoog. Kontantkroeg beskikbaar. Vir meer inligting, kontak Marianne Smit by 044 213 3801, 082 379 2683, smitswinkel@gmail.com.

130 min. R100 (ete ingesluit)
Smitswinkel, Andrieskraalplaas
1 April 18:30 2 April 18:30

Die groen tent

'n Samewerkingsinisiatief tussen Groter Oudtshoorn Toerisme, die Absa KKNK, CapeNature en die Oudtshoorn Munisipaliteit. Die fokus val op omgewingsbewustheid en feesgangers sal op verskeie interaktiewe maniere ingelig word. Kom bereken jou persoonlike koolstofvoetspoor, maar pasop vir die Eko-polisie wat jou "in hegtenis kan neem" indien jy die aarde skade aandoen!

Daagliks Gratis Langs die Absa Wynsaal

Historiese Wandeltoere

Afr. en Eng.
Aangebied deur die Vriende van die CP Nel Museum
***Met** Hazel Jonker en Peter Gray*

Sien 'n keur van Oudtshoorn se historiese geboue op 'n ontspanne wandeltog en kry 'n interessante oorsig van die dorp se argitektoniese erfenis. Maklike staproete. Kopbedekking noodsaaklik!
120 min. R60
Vanaf St Jude's Anglikaanse Kerk
2 - 5 April 09:00

Jamstreet Plaasjol

Kom dans onder die Karoosterre. Ons maak musiek, brand vure, eet iets lekker en jol om die kroeg. Kom ontvlug na 'n kreatiewe venue 'n klipgooi uit die dorp. Vervoer na en van Jamstreet Plaas met die pendeldiens. Kontak: 082 510 0516

240 min. R30 Jamstreet Plaasteater
31 Maart 20:00 2 - 6 April 20:00

Journey to Kannaland

Afr. en Eng. Gesin
Vervaardiger: *Kambro Diggers*
Regisseur: *Elton Landrew*
Met *Chantell Phillipus, Ryan Hendricks, Frans Lucas, William Phillipus, Christopher Fouche, Enge Williams, Andy Fortuin, Mirinda Ntantiso*

Hierdie hoogs vermaaklike kabaret neem die gehoor op 'n musikale reis deur tyd. Dit maak ook die magiese wêreld van die Klein Karoo 'n heerlike, onvergeetlike werklikheid! En daar is min plekke wat hierdie ervaring meer spesiaal kan maak as die opwindende nuwe Surval Boutique Olyflandgoed teen die volmaakte agtergrond van die Swartbergpieke. Dié ervaring word ryker gemaak deur die moontlikheid om unieke Swartberg-cuisine (met internasionale flair) en egte Klein Karoo-wyne te geniet.

55 min. R70 Surval Boutique Olyflandgoed
31 Maart 12:00 1 April 12:00 3 April 18:00
4 April 18:00

Kom kuier saam en kook in jou taal

Absa en Rapport bied jou 'n lekker kuieraand. Kom kuier saam met Lize Beekman (1 April), Elvis Blue (2 April), Jak de Priester (3 April), Danie Niehaus (4 April) en Anna Davel (5 April). Vier persoonlikhede word elke aand genooi om saam te kuier. Hulle kry elkeen 'n mandjie met produkte en moet dan tydens die vertoning met 'n eetbare dis vorendag kom. Wyn, olywe, kaas en volstruisvleis word te koop aangebied. 'n Kinderhoekie word verskaf as speelplek vir die jongklomp, onder toesig.

R100 Absa Wynsaal 1 - 5 April 19:30
Ouderdomsperk vir wynproe: 18 jaar

Kuier Connections

Die tydskrif *Kuier* se groot makietie! Ons kosredakteur, Karen Hart, doen 'n kookdemonstrasie en ons modere-dakteur, Vana Cloete-Collison, gee gelukkiges in die gehoor 'n *make-over*! Hope gelukkige prystrekkings en 'n verrassing of twee! Vir meer inligting kontak 021 446 1452.

R70 Bridgton Sekondêre Skoolsaal
Registrasie om 09:00
7 April 10:00 – 15:00

Olifant-ontbyt

Afr. en Eng. Gesin
Kom geniet 'n wonderlike ervaring en vars Karoo-ontbyt saam met die drie grootpote Malaika, Bolelo en Jabari. Word meegevoer deur die aangrypende verhaal van drie wees-Afrika-olifante wat 'n gelukkige tuiste by Buffelsdrift gevind het. Persoonlike interaksie met die olifiante en hope foto-geleenthede sal deel uitmaak van hierdie ervaring.

60 min. R175 Buffelsdrift
31 Maart – 7 April 10:00

Peusel en Proe

Aanbieders: *Lizz Meiring en Carel Nel – bobaas van Boplaas*

Calitzdorp ontmoet Oudtshoorn en Portugal in 'n fees van smaak.Die fokus hier is op die herkoms en geskiedenis van port en volstruisvleis. Tussenin is daar vermaak met 'n tikkie Portugese klank. Wyne en port word geproe saam met peuselhappies.

90 min. R120. Absa Wynsaal
1 & 4 April 11:30
Ouderdomsperk vir wynproe: 18 jaar

Piekniek op stel van nuwe Suid-Afrikaanse fliek

Die Suid Afrikaanse filmbedryf was nog nooit so lewendig en opwindend soos nou nie, en jy het nou die kans om pens en pootjies in die middel daarvan te wees! Skop uit jou skoene, gooi jou poniestert terug, kry jou piekniekmandjie en kom vryf skouers met ons eie sterre op die stel van die nuutste Suid-Afrikaanse fliek, *Swartberg*, onder die regie van Regardt van den Bergh en met oorspronklike musiek deur Chris Chameleon. Uitdunne van 'n tiener-toneelspelkompetisie begin 17:00 op dieselfde perseel en is oop vir die publiek wat die dag op die stel deurgebring het. Vir meer inligting skakel Alma by 083 657 5411.

180 min. R100 (sluit piekniekmandjie en kombers in)
Vertrek vanaf Pendeldiensbasis
2 - 6 April 10:00 en 14:30

Proe die beste uit Afrika

Die trots Suid-Afrikaanse Pinotage-wyne, saam met die beste kosse uit Afrika, sorg vir 'n onvergeetlike ervaring. Die Pinotage Assosiasie word verteenwoordig deur Beyers Truter (Beyerskloof), André Mosterd (Mosterdsdrift), De Wet Viljoen (Neethlingshof) en Johan Jordaan (Spier). Saam met Koos Kombuis en Johan Badenhorst toer ons deur Afrika.

120 min. R120. Absa Wynsaal
2,3 & 5 April 11:00
Ouderdomsperk vir wynproe: 18 jaar

Rugby en Wyn

Kom kuier saam terwyl rugby uitgesaai word. Koffie en ontbyt is vroeg-vroeg te koop! Vermaak word deur kunstenaars soos Henri Alant, Daniel Hofman, Wicus van der Merwe en Dillon Lerm verskaf wanneer die rugby nie aan is nie. Wynsaal open 10:00.

31 Maart Absa Wynsaal
Deure open 06:30
6 en 7 April Absa Wynsaal
Deure open 09:00
Toegang by deure: R50
Ouderdomsperk vir wynproe: 18 jaar

Swartberg-toneelspel-kompetisie: Gala-aand

Bekendmaking van die wenner van die *Swartberg*-toneelspelkompetisie by 'n gala-geleentheid. Die vyf finaliste van die kompetisie wat in Februarie afskop, word deur swaargewigte in die film- en televisiebedryf beoordeel. Dié geleentheid word as deel van die nuwe Afrikaanse film *Swartberg* verfilm en jy sal die geleentheid hê om saam met bekende akteurs om die tafel te sit.
R150 Swartberg Country Manor
5 April 18:00

Volstruiswedloop

Twee wedlope oor onderskeidelik 21,1 km en 10 km - 'n plat, vinnige roete deur die natuurskoon van die Klein Karoo - aangebied deur die Oudtshoorn Amateuratletiekklub. Inligting: David McKinnon by 044 272 7344 of 082 374 8632.

Vanaf Laerskool Wesbank 31 Maart 07:00

Wynproe

Wyn, olywe, kaas en volstruisvleis: Alles te kry in die wynsaal.

R50 (toegang by deure)
Absa Wynsaal
31 Maart 10:00 - 22:00
1 - 5 April 13:00 - 17:00
6 en 7 April 10:00 - 17:00

MUSIEKVERHOË

Die Absa KKNK bied oudergewoonte musiek, vermaak, stalletjies en eetplekke in en buite die Rivierbuurt wat aan oud en jonk se behoeftes sal voldoen. Die volgende musiekverhoë en kuierplekke sal sorg vir 'n feeservaring soos min:

Absa Wynsaal
Absa en Rapport nooi jou uit om saam met gewilde kunstenaars te kuier, saam met o.a. Lizz Meiring en Carel Nel te peusel en te proe aan port en volstruisvleis. Kom proe hier wyne saam met ons land se voorste wynmakers. De Jager Sportkompleks. Aparte toegang.

Brian's Grill
Bekende en minder bekende kunstenaars sing gewilde kuiermusiek, pub- en cover-liedjies. Aparte toegang. Buite Rivierbuurt.

Huisgenoot Musiekplaas
Die Huisgenoot bring weer eens die grootste Afrikaanse musieksterre na Oudtshoorn! By die dagverhoog sal verskeie kunstenaars en ook allerlei leefstylervarings jou verras. Bespreek ook vinnig jou kaartjies vir die groot produksies op die Huisgenoot Aandverhoog (volledige program binne). Aparte toegang vir Aandprogram. Dagprogram ingesluit by toegang tot Rivierbuurt.

MK-sessies
kykNET se MK-kanaal bied heelweek van die beste dj's en bands waaraan jy kan dink. Ingesluit by toegang tot Rivierbuurt. Buite Rivierbuurt.

RSG-verhoog
Die nuutste talent tot immergewilde kunstenaars en boeiende onderhoude met bekendes by die fees. Gratis. Buite Rivierbuurt.

Top 40-verhoog
Dié verhoog, wat verlede jaar vir die eerste keer met groot sukses aangebied is, brei vanjaar uit om ook tydens die dag 'n propvol program aan te bied. Kuier-tydskrif sal bedags feesgangers vermaak met kosdemonstrasies, werkswinkels ens. Saans kan jy regmaak om saam te dans en te sing met kunstenaars soos Brandon October, Dizu Plaatjies en Jennifer Jones. Ingesluit by toegang tot Rivierbuurt.

Q-Bar
'n Akoestiese musiekvenue wat dwarsdeur die fees die nodige musieklafenis sal bied! Aparte toegang. Buite Rivierbuurt.

Kaktus op die Vlaktes
Feesgangers sal die gewilde *Kaktus op die Vlaktes* onthou – wat nou vir die eerste keer in jare weer die fees op 'n hoë noot sal laat afsluit by die Jamstreet Amfiteater op Saterdag, 7 April. Hou www.absakknk.co.za dop vir die nuutste inligting oor al die bands wat hier te sien sal wees. Ons gaan groot! Aparte toegang. Dié program word saamgestel deur Oppikoppi en MK, as vennote. **Kaartjies kos R120.**

STRAATTEATER

(Ondersteun deur die National Lottery Distribution Trust Fund)

Draadkar
Die Libere Stigting se span bou 'n lewensgrootte draadkar vir 'n baie spesiale superwoman, Magriki Plastiki. Sy gaan na skole om kinders te leer hoe jy 'n ashoopding verander in 'n "Top Billing"-item.

Giant Match
'n Straatteater-organisasie met meer as 30 omgewingsvriendelike reuse marionette, maskers en karakters.

Klein Karoo Feesparade
Met hierdie kleurvolle straatparade word die 18de Absa KKNK op uitbundige manier gevier. Asemrowende groot poppe, 'n reuse draadkar, volstruismarionette, plaaslike musikante en orkeste!
1 April 17:00 Vanaf Vredestraat
2 April 10:00 Bridgton en Bongolethu

Metamorfose
Indrukwekkende danse op stelte, asemrowende kostuums en die aansteeklike ritme van Afrikatromme.

Million Dollar Prize
Sluit aan by gesoute straatakteurs wat jou op 'n reis neem en temas van ubuntu, gierigheid en verraad ontgin.

Straatmusikante
Iain Harris van Coffee Bean Routes het oor die afgelope maande die musiekspore gevolg om van Oudtshoorn en kontrei se beste musikante op te spoor.

Sypaadjiekuns
Die tweede sypaadjiekunsprojek sal bestuur word deur Art Up Close, 'n plaaslike maatskappy wat spesialiseer in gemeenskapverwante kunsprojekte. Navrae: 071 175 8915 of artupclose@gmail.com

Volstruise
Roger Titley, wat bekend is vir die reuse olifante wat tydens die Wêreldbekersokkerseremonie te sien was, bring 100 volstruismarionette na die Absa KKNK.

VISUELE KUNS

(Ondersteun deur die National Lottery Distribution Trust Fund)

Feeskunstenaar | Living Things: Handspring Puppets Now

Die bydrae van die Handspring Puppet Company tot die kunste is van onskatbare waarde. Die geleentheid om dié geselskap se onvergeetlike en asemrowende skeppings van nader te beskou is 'n eenmalige en unieke ondervinding. Die uitstalling, met Janni Younge as kurator, verteenwoordig die veel bekroonde geselskap se innoverende vermenging van die visuele en uitvoerende kunste. Hulle werk was al by die Edinburgh Festival, die Theatre d'Automme in Parys, Frankryk en die New Wave Festival in New York te sien. In 2011 ontvang hulle 'n spesiale Tony-toekenning vir hul uitmuntende produksie van Warhorse op Broadway.
Victoria Memorial Hall
Ander uitstallings

Daar is vanjaar 'n sterk fokus op werke met 'n sosiale en omgewingsbewustheid.

Solo-uitstallings: Hinterland - Brahm van Zyl, Sacred Spaces - Mathias Chirombo, Geheue - Aidan Westcott, Reeksmoord - Juria le Roux, Studio X - Arnold van Niekerk, Separation/Perforation - Clanelle Burger, Voëlvry Toer – Grahamstad 1989 - Tim Hopwood, Die Wilde Ruimte - Sasha Hatherly, 'n Plek genaamd Veelsgerust - Elana-Marie Snyman.

Groepsuitstallings: Ik ben een Afrikander - Teresa Lizamore, Designs/Ontwerpe - Elfriede Dreyer, Fopspeen-produksies - Diek Grobler, Fear and Loss - Katie Barnard, Die taal van teken - Corlie de Kock, Die Hangende Tuine - deur Absa Galery.
Die Absa KKNK Visuele Kunste-ontwikkelingsprojek: In Kliplokasie asook 'n retrospektiewe uitstalling van die ontslape kunstenaar Kevin Atkinson se werke met Amanda Botha as kurator.

Rondleidings deur die kurator vir visuele kuns, Sandra Hanekom: 90 min. R50
Prince Vincent-gebou Daagliks om 10:00

FEESINLIGTING

Kunskwartier
'n Unieke roete waar die volle spektrum van visuele kunste in Suid-Afrika te koop is. Uitstallings word in die hartjie van die feesaktiwiteite aangebied, asook by kunsgalerye in die omgewing. Buite Oudtshoorn neem dié roete jou na De Rust, Calitzdorp en die pragtige Kruisrivier. Kyk uit vir die spesiale pamflet tydens die fees of aanlyn vir meer inligting.

Markte
Kom loer in by die Absa Kunsmark vir handgemaakte geskenke en aandenkings. Elke dag tussen 09:00 en 18:00.

Verblyf
Bespreek jou verblyf by www.absakknk.co.za, bel die Verblyfkantoor by 044 203 8600 of e-pos verblyf@kknk.co.za.

Pendeldiens
Die pendeldiens bied aan feesgangers 'n Klein Karoo-minibuservaring. Los jou motor by een van die sentrale parkeerterreine en gebruik een van dié bussies om tussen die venues en feesterrein te pendel.

klap!
'n Uithalerfeesbesoek vir graad 10- en 11-leerders met Afrikaans as eerste, tweede of derde taal tydens die eerste drie dae van die fees. Hul besoek vooraanstaande feesproduksies, woon werkswinkels deur kundiges by en ontmoet regisseurs en kunstenaars. Kontak Juan Janse van Vuuren by 044 203 8600 of jjvvuuren@kknk.co.za.

Prikkel
Prikkel is 'n splinternuwe projek om belangstelling in teaterproduksies aan te vuur onder studente. Vir meer inligting kontak Juan Janse van Vuuren by 044 203 8600 of jjvvuuren@kknk.co.za.

Kl!ek
Kl!ek is die Absa KKNK se lojaliteitsklub wat in ruil vir 'n jaarlikse fooi verskeie voordele aan gereelde besoekers bied. Sien die program eerste, bespreek jóú kaartjies eerste en bly op hoogte van gebeure. Ledegeld vir 2013 beloop R350. Kontak J.C. Aucamp by 044 203 8600 of kliek@kknk.co.za.